

Burger
15-april 1936

VORM VAN MONUMENT VIR VOORTREKKERS

Massiewe Bouwerk van Wit Graniet Beoog

SUID-AFRIKAANS VAN AARD

Daarby 'n Laervormige Vergaderplek

VOORLOPIGE aanduidings van die vorm wat die Voortrekkermonument sal aanneem, is vervat in 'n amptelike verklaring van die Sentrale Volksmonumentekomitee, wat lui dat dit 'n „massiewe bouwerk van wit graniet” moet word.

Historiese panele sal aangebring word, terwyl die figuur van 'n Voortrekkervrou aan die voet sal staan. Binne 'n laervormige muur sal plek wees vir 1,000 mense.

Oor die plek is nog nie besluit nie, en dit word as onwaarskynlik beskou dat die monument in 1938 in sy geheel onthul sal kan word.

Die monument sal 'n eg Suid-Afrikaanse karakter dra.

Die komitee het die verklaring uitgereik omdat hy tot sy leedwese „ongeoutoriseerde en foutiewe berigte” in die pers gesien het.

SENTRALE KOMITEE SE VERKLARING

JOHANNESBURG, Dinsdag. — Die volgende amptelike verklaring is vanmôre deur die Sentrale Volksmonumentekomitee uitgereik:

Dit is met leedwese dat ons ongeoutoriseerde en foutiewe berigte in sekere koerante gesien het oor die vergadering van die Sentrale Volksmonumentekomitee, op 7 April in Kaapstad gehou, in verband met die Voortrekkermonument. Om verwarrende en foutiewe berigte te voorkom, is dit bes geag dat 'n amptelike verklaring deur die voorsitter en die sekretaris opgestel en aan die pers oorhandig word.

Op 'n vergadering gehou in Januarie l.l. is 'n onderkomitee aangestel om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor die vorm wat die monument moet aanneem. Die onderkomitee het bestaan uit drie lede uit die Noorde en drie uit die Suide.

Deur middel van die pers en andersins is bekend gemaak dat die onderkomitee graag planne en wenke van die publiek sou wil ontvang, en deur die Departement van Buitelandse Sake is ons ministers in die buiteland gevra om informasie in te win omtrent nasionale monumente in ander lande.

TWEE ONTWERPE

Hierdie informasie, planne, sketse en wenke wat van die buiteland, die publiek en kunstenaars ingekom het, is almal deur die onderkomitee noukeurig oorweeg, en hy was van oordeel dat 'n poging aangewend moet word om die idees vervat in twee ontwerpe saam te smelt. Die een ontwerp was afkomstig van die Noorde en die ander van die Suide.

Mnr. Gerard Moerdyk, die bekende argitek van Pretoria en ontwerper van die skets, is deur die onderkomitee genader, en hy het verklaar dat die twee ontwerpe in een saamgevat kan word. Die onderkomitee het toe unaniem besluit om aan te beveel dat die twee ontwerpe die basis van die voorgestelde monument moet vorm en dat mnr. Moerdyk gevra word om as argitek op te tree.

Hierdie aanbeveling is ook eenparig deur die Sentrale Volksmonumentekomitee aangeneem, en 'n boukommissie is aangestel.

Die besonderhede van die ontwerp van die monument is nog nie uitgewerk nie, maar die idee is 'n massiewe bouwerk van wit graniet, wat enigsins op die Zimbabwe-bouvalle sal lyk en ruimte vir historiese panele sal hê. Aan die voet van die bouwerk sal die figuur van 'n Voortrekkervrou staan.

Die bouwerk sal aan die hoof staan van en binne 'n muur wat 'n laer voorstel en waarop Voortrekkerwaens uit-

gebeeld sal word. Binne die laer sal daar plek wees vir 1,000 mense om te vergader en toegesprek te word vanaf die voet van die bouwerk.

EG SUID-AFRIKAANS

Die volle besonderhede sal eers uitgewerk kan word wanneer die plek gekies is waar die monument opgerig moet word. 'n Kommissie is reeds in Januarie l.l. benoem om op die keuse van die plek in te gaan en verslag te doen. Die plan is om daaromtrent in Oktober 'n konferensie met die provinsiale komitees te hou. Intussen sal egter met die voorbereidende werk, panele ens., voortgegaan word.

Die monument sal van eg Suid-Afrikaanse aard wees, en om te sê, soos party koerante onoffisieel gedoen het, dat dit 'n Griekse of enige ander soort monument sal wees, is heeltemal verkeerd. Een aantreklikheid van die ontwerp is dat geleentheid aan verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars gegee kan word om by te dra en in verband met die historiese beeldhouwerk is die naam van Anton van Wouw reeds genoem.

Sodra die planne finaal goedgekeur is, sal volle besonderhede gepubliseer word. Die gedagte is uitgesprek dat as die planne vir die monument behoorlik uitgevoer moet word, dit onwaarskynlik is dat die onthulling van die geheel in 1938 kan plaasvind. Dog oor hierdie saak en oor die viering van die eeufees het die Sentrale Volksmonumentekomitee geen besluit geneem nie.